A

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85 — PRETORIA

1988-04-27

DIE STAAT teen : PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST en ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. H. SMITH

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

- - - - - - - - - - -

KONTRAKTEURS : LUBBE OPNAMES

- - - - - - - - - - -

VOLUME 390

(Bladsye 22 535 tot 22 598 )

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 27 APRIL 1988.

IZAK HLOPHEHO MOLOI, v.o.e. (Deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Mnr. Moloi, net voor ons by die vergadering kom wat in Maart gehou is, net die agtergrond eers. Ephraim Loape, het u hom geken? -- Ja.

Was hy 'n skolier by die skool? -- Ek het hom net in die woonbuurt geken.

Was hy nog 'n skolier of weet u nie? -- Ek weet nie.

Weet u of hy aan COSAS behoort het? -- Nee.

Nou wil ek vir u 'n ander naam gee. Webster Mgabadeli? -- Nee, ek ken hom nie.

Sy ander naam waar hy onder bekend was is Mthuthuzeli? -- Nee, ek ken hom nie.

Ellen Molotsi? -- Ek ken haar nie.

Mzwandile Gas? -- Ek ken hom nie.

Hy is ook bekend as Benedict Mgezi? -- Nee, ek ken hom nie.

Die volgende persoon se naam is Zeze George Hlabezulu? -- Ek ken hom nie.

Ek wil aan u stel, hierdie persone wie ek uitgelees het aan u was almal skoliere van Teto Hoërskool gewees in 1984 en hulle was almal op die bestuur van COSAS? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Dan wil ek vir u nog name gee. Zolile Ngcezula? -- Ek ken hom nie.

Hy is ook bekend as Fairbridge Burton Toki? -- Nee, ek ken hom nie.

Cornelius Kagiso Morolong? -- Ek ken hom nie.

Tumelo Elliot Tloane? -- Ek ken hom ook nie.

En laastens Vuyani Jabusa? -- Ek ken hom nie.

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ek wil dit aan u stel al hierdie name wat ek gelees het was die bestuur van COSAS gewees in 1984? -- Die mense is aan my onbekend. Ek weet nie wat hulle gedoen het nie. Hulle was nie aan my bekend nie.

Weet u of COSAS se bestuur se lede ook skoliere van die ander skole was? -- Nee, ek weet nie.

Nou wil ek aan u stel dat Thuta-Gauta en die Lebohang Hoërskool het ook verteenwoordiging gehad op hierdie bestuur van COSAS? -- Ek weet nie want ek was nie by daardie skole ŉ skolier gewees nie.

En ek wil aan u stel u getuienis dat hierdie probleme wat ontstaan het gedurende Julie en Augustus 1984 by u skool en die ander skole het nie ontstaan soos u gesê het as gevolg van probleme - spontaan as gevolg van die probleme nie, maar dit was georganiseed gewees onder andere deur COSAS? -- Ek was ŉ skolier gewees by die skool waar hierdie ding begin het. Wat ek vir die hof hier vertel het is die waarheid soos dit gebeur het. Dat dit gereël was deur COSAS, dit weet ek nie.

Ek wil aan u stel Aprilmaand 1984 al het COSAS opdrag gegee daar moet gekyk word wat se klagtes daar by die skole kan wees wat opgeneem kan word? -- Nee, ek weet nie.

En ek wil aan u stel COSAS het besluit dat die klagtes wat hulle sal kry van die skoliere sal gebruik word om die skoliere te mobiliseer vir die deel name aan die vryheid-stryd en onder andere het hulle voorsien dat daar skoleboikotte moet kom? -- Ek weet nie daarvan nie.

Is dit so dat COSAS het in 1983 al bestaan in Thabong? -- Nee, ek het vir die eerste keer begin hoor van hierdie organisasie in Maartmaand 1984. In 1983 dat dit bestaan

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het weet ek nie.

Ken u 'n organisasie met die naam Thabong Youth Congress? -- Nee.

Nog nooit daarvan gehoor nie? -- Nee, ek het nog nie daarvan gehoor nie.

Ek wil aan u stel Thabong Youth Congress het ook al bestaan van 1983 af? -- Ek weet nie.

En ek wil dit aan u stel dat u nie iets van Thabong Youth Congress af weet nie is nie die waarheid nie, want Thabong Youth Congress en COSAS het saam gewerk in Thabông? -- Nee, ek weet nie.

Ek wil u eerstens verwys na volume 4 in die C reeks C52. Ek wil dit aan u stel hierdie is 'n dokument gekry by UDF se kantore en daaruit is dit duidelik dat COSAS ten minste op 7 Oktober 1983 al bestaan het want UDF het toe al met hulle 'n vergadering gehou? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Het u nooit voor Maart 1984 enige advertensies gesien opgeplak teen mure of elektriese kaste wat COSAS vergaderings adverteer nie? -- Nee, ek het dit nog nie gesien nie.

Ek wil u dan verder verwys na BEWYSSTUK AU8. Dit is 'n SASPU National van November 1983 en ek wil u verwys na bladsy 9 die heel laaste kolom heel onder onder die opskrif "Thabong". Daar word gesê "Another youth congress was launched in October in Thabong in the Orange Free State. The new organisation will work closely with COSAS and will organise the youth in that area who are not part of COSAS constituency." -- Ek weet nie van hierdie goed nie, want ek het nog nooit vantevore hiervan gelees of gehoor nie.

U het ook in 1984 niks daarvan gehoor nie? -- Nee.

U het vir die hof in u hoofgetuienis gesê u het net

een/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

een COSAS vergadering bygewoon? -- Ja.

Hier sit julle nou en vertel vir die hof van die probleme wat julle het by julle hoërskool, jy vertel vir die hof dat op die vergadering in Maart 1984 het julle gesê dat COSAS gaan julle help met die probleme, die ouderdomsbeperking en die SRC's en onderwysers, hoekom het jy nie verder COSAS vergaderings bygewoon nie? -- Die rede is dat ek nie weer verder na die vergadering gehoor het van enige vergaderings wat gehou gaan word waar en wanneer nie.

Maar toe julle nou hierdie probleme het, het jy nie na hierdie Shadrick toe gegaan en gesê "Kyk, jy het nou gesê ons moet by COSAS aansluit, hulle gaan hierdie probleme vir ons oplos, waar is COSAS nou?" nie? -- Dit het nie in my gedagte gekom dat ek hom moet nader nie.

Ek stel aan u u vertel leuens as u sê u het nooit weer COSAS vergaderings bygewoon of dat u nie daaraan gedink het om hom te nader oor die probleme nie? -- Ek het my regterhand hier opgesteek om die waarheid te praat. Ek het gesê "So help my, God". Ek praat dus die waarheid.

Net een ander aspek voor ons by die vergadering kom van Maart. Jy was in 1984 in St. 8. Het jy ooit toe verder gekom op skool? -- Ja, ek het verder gegaan. Na die pamflette daar versprei was dat ons moet teruggaan skool toe, het ek teruggekeer skool toe en met die uitslae wat ek gekry het vir Juniemaand is ek toe bevorder na St. 9 toe die volgende jaar. Dit is in 1985. So, in 1985 was ek in St. 9.

Het jy matriek gemaak? -- Nee, ek het nie. Na ek my St. 9 geslaag het, het ek toe nie meer geld gehad om matriek te doen nie.

<u>ASSESSOR (MNR. KRUGEL)</u> : Wat se pamflette praat u van?

Wie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Wie het gesê u moet teruggaan skool toe? -- Daar was 'n vliegtuig gewees wat die pamflette versprei het.

'n Helikopter? -- Ja.

MNR. FICK : Wie het vir jou gesê van hierdie vergadering van Maart 1984? -- Een van die skoliere by die skool wat eintlik 'n klasmaat van my was. Ek kan net nie die naam van die persoon onthou nie.

Het julle toestemming gehad om die saal te gebruik? -- Ons het die skoolhoof gevra, die prinsipaal.

Mnr. Hanekom? -- Die prinsipaal is mnr. Jordaan.

Het julle vir hom gesê waarvoor julle die saal benodig dat julle 'n COSAS vergadering wil hou? -- Omdat ek nie saamgegaan het om die toestemming te gaan vra van die prinsipaal nie, weet ek nie wat daardie mense vir die prinsipaal gesê het nie.

Wat is hierdie Shadrick Kwetle se verband met COSAS? -- Ek het hom geken as 'n prefek by ons skool. Dit het my 'n bietjie verbaas toe hy nou hierdie vergadering toegespreek het, maar ek het ook toe nie verder die ding opgeneem om te vra wat die posisie is nie. So, ek weet nie wat die verwantskap is tussen hom en COSAS nie.

Wil u vir die hof sê hy het op hierdie vergadering gesê dat hierdie COSAS wat hy voorstel gaan julle help om SRC's te kry en weg te doen met prefekte waarvan hy een is? -- Ja.

Het hy julle ingelig oor COSAS se beleid oor die onderwysstelstel wat COSAS voor staan? -- Nee.

Het hy vir julle gesê COSAS staan vir 'n "people's education"? -- Nee.

Het hy enige COSAS grondwet aan julle gegee of voorgelees vir julle? -- Nee.

U/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

U sê vir die hof op hierdie vergadering is hierdie Shadrick onder andere verkies wat na julle probleme sal moet omsien en dit opneem met die skoolhoof? -- Ek het nie gesê dat hulle na die probleme van die studente sal moet kyk nie. Ek het gesê hulle is die mense wat gekies was om destyds se klagtes oor te neem en oor te dra aan die prinsipaal.

Shadrick was verkies volgens u, is dit reg? -- Ja, dit is reg.

Wie nog? -- Ek kan nie meer so goed onthou wie die ander mense was nie. Die rede daarvoor is dat die meeste van hulle name Xhosa was. Dit was Xhosa name.

U kan nie een ander se naam onthou nie? -- Ek ken nie Xhosa nie. So, ek is nie in staat om die name te kan onthou nie.

Was hulle 'n komitee genoem of wat was hulle genoem? -- Hulle was net daar gekies en aanvaar as gewone skoliere.

Hulle het nie 'n naam gehad ook nie? -- Soos ek alreeds verduidelik het, hulle was nie gekies om in die toekoms na die probleme van die studente om te sien nie. Hulle was net gekies daardie dag vir destyds se probleme.

Kan u darem vir die hof sê hoeveel van hulle was gekies? -- Altesaam was hulle vyf ingesluit Shadrick Kwetle.

Weet u of hierdie mense wat julle verkies het wel die probleme of klagtes gaan opneem het met die skoolhoof? -- Nee, daarna het ek nie verdere navraag gedoen nie.

Daar is ook nooit teruggerapporteer aan julle nie? -- Ek kan dit vir die hof so sê. Dit was net die dag voor die sluiting van die skool wat die volgende dag gesluit het. So, toe die skole weer heropen het, het hulle aan ons kom terugrapporteer hoe ver hulle gevorder het nie.

U/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

U weet tot vandag toe nie wat hulle gedoen het nie? -- Nee, ek weet nie.

HOF : Laat ek net duidelikheid kry. Dit is nie vir my duidelik nie. Was hierdie 'n stigtingsvergadering van COSAS by u skool of was dit 'n vergadering van COSAS wat alreeds bestaan het? -- Dit was 'n vergadering vir die stigting van die organisasie by hierdie skool.

Nou as dit 'n stigtingsvergadering is, is my ondervinding dat daar dan 'n komitee gekies word wat permanent die ding moet bestuur. Was dit die geval hier? -- In hierdie geval was daar nie 'n komitee gekies nie. As ek vir die hof moet sê, dit was omdat die skoliere nie almal daar bymekaar was om 'n finale besluit te kan neem nie.

Maar u het vir my gesê die helfte van die mense het lede geword? Dit is nou die mense op die vergadering neem ek aan? -- Dit is reg. Soos ek alreeds vir die hof hier gesê het is dat die mense teenwoordig, dit is die gehoor by hierdie vergadering, was tussen honderd en honderd-en-vyftig. Daardie getal is nie eers die helfte van die skoliere se getal op daardie skool nie.

Hoeveel van die honderd tot honderd-en-vyftig het lid geword van COSAS? Almal of 'n deel? -- 'n Deel daarvan het lid geword.

En dié van julle wat lid geword het, het julle nooit later stappe gedoen om 'n komitee aangestel te kry nie? -- Ek weet nie of daar mense is wat dit gedoen het nie, maar ek self was nie betrokke by enige stappe wat geneem was om 'n komitee te kies nie.

MNR. FICK : Julle het ook nie op hierdie vergadering van Maart 1984 'n interim komitee gekies, wat ons so baie al

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van gehoor het nie? -- Nee.

Is daar op hierdie vergadering van Maart 1984 vir julle gesê wat COSAS by die ander skole doen in Thabong? -- Nee, niks was aan ons daaromtrent gesê nie.

Die mense wat verkies was, u weet nou nie wie hulle was nie, maar kan u darem vir die hof sê was van hulle, behalwe Shadrick, prefekte? -- Behalwe Shadrick, ja. As ek reg is twee of drie van die ander was ook prefekte gewees.

So, daar was net een of twee wat nie prefekte was nie? -- Ja.

Nou verstaan ek glad nie wat daar aangaan nie. Jy vertel vir die hof in jou getuienis van die klagte wat julle het teen die prefekte wat julle onbillik behandel en hulle gee julle name op as julle julle kleredrag dra en dan sê hulle julle dra nie julle kleredrag nie en dan kry julle pak. Nou kry julle kans om by 'n vergadering mense te kies om julle klagte op te neem en sowaar kies julle die meerderheid van die mense wat julle die klagtes oor het? -- Die posisie is dit. Hierdie prefekte wat daar saam met ons vergader is nie van daardie prefekte wat ons nie mee tevrede was nie. Hulle het daar 'n vergadering bygewoon en sommer daar op hulle eie besluit dat hulle die klagtes sal moet opvat met die hoof van die skool om dit bekend te maak aan die ander prefekte wat nie by was nie, wat eintlik ons mishandel het. Dat hulle as prefekte in daardie tyd ook nie van die optrede van die mede-prefekte gehou het nie.

<u>HOF</u> : Was daar nie 'n prefekteraad nie? -- Ek weet nie of 'n mens dit 'n raad moet noem nie, maar die leiers van die prefekte daar was Shadrick Kwetle en een van hierdie Xhosas wat ek gesê het daar gekies was saam met Shadrick, want

hy/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hy was die man wat 'n handlanger was van Shadrick in die leierskap van hierdie prefekte.

MNR. FICK : Wil jy vir die hof sê Shadrick en hierdie ander mense wat daar was het nie vantevore gehoor van julle griewe nie? Hulle is eers op die vergadering ingelig omtrent julle griewe? -- Hulle het daarvan gehoor. Hulle het net nie veel aandag daaraan gegee nie.

Ek verstaan nie waarom was dit nodig om hierdie vergadering te hou nie. Hoekom kon julle nie sommer na die prefekte toe gaan in die loop van die dag en vir hulle sê "Kyk, ons kla oor hierdie ander prefekte" nie. "Neem dit op"? -- Die eintlike doel van hierdie vergadering het nie gegaan oor hierdie klagtes wat ons gehad het nie. Die eintlike doel van die vergadering het gegaan oor die verkryging van lede om aan te sluit by COSAS. Dit was net dinge wat terloops gedurende die verloop van die vergadering gehou was.

Ek dink en ek wil dit sommer nou reguit vir jou sê jy lieg nou vir hierdie hof? In jou hoofgetuienis het jy gesê toe jou advokaat vir jou gevra het hoekom is die vergadering gehou, toe sê jy die volgende, die voorsitter is die hoofprefek van die skool en dié wat nie toegelaat is om te registreer nie, het hom genader en vir hom gesê hy moet die vergadering hou. Dit was die rede vir die vergadering? -- Wat ek vir die hof sê is dat die doel van hierdie vergadering was vir die stigting van hierdie organisasie. Al hierdie dinge wat nou aan my gestel word is dinge wat sommer daar in die vergadering genoem was deur die studente. Andersins het dit gegaan oor die stigting.

Is die rede waarom Kwetle nie vir julle die COSAS

beleid/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

beleid uitgelê het op hierdie vergadering nie, nie eenvoudig omdat julle reeds geweet het wat die COSAS beleid is nie? -- Nee, ek het niks geweet van die organisasie nie.

Nou wil ek by julle griewe kom. U sê dat die prefekte het net julle naam opgeskryf en gesê julle het nie uniform aan nie en terwyl julle uniform aan het dan word julle geslaan? -- Ja.

Hoe is die prosedure? Die prefek sien jou in die oggend en hy sien jy het nie jou uniform aan nie, hy gaan gee jou naam vir die onderwyser en die onderwyser roep jou daardie dag in en jy kry slae? -- Nee, die prosedure daar was byvoorbeeld, die name van die mense wat vandag opgeskryf is, sal eers die volgende dag ingehandig word.

Het dit met jou gebeur dat jy so slae gekry het om hierdie rede? -- Ja.

Wat jy wel ŉ uniform aangehad het, maar dat hulle gesê het jy het nie een aangehad nie? -- Ja.

Dan verduidelik jy darem seker vir die onderwyser? -- Soos ek alreeds vir die hof gesê het, die prinsipaal by daardie skool was ŉ ander persoon. Al kom jy daar en probeer verduidelik wat gebeur het, wat jy aan hom verduidelik het het hy nie eers na geluister nie. Hy het jou net geslaan.

Het julle ŉ ouerkomitee gehad by die skool? -- Nee.

Glad nie? -- Nee, daar was nie.

Nooit in 1984 of 1985 nie? -- In 1985 was daar ŉ komitee gekies gewees, maar ek weet nie watter ouers op die komitee gekies was nie.

Was daar in 1984 enige komitee bestaande uit ouers, of dit nou ŉ ad hoc komitee is of wat dit ook al mag beteken, ŉ spesiale ouerkomitee net vir spesifieke doeleindes? --

Nee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Nee, ek weet nie van 'n komitee van daardie aard nie.

Wat jou betref was daar glad nie so 'n komitee nie? -- Ja, daar was nie.

Was die ouers in 1984 glad nie betrokke by julle probleme by die skole nie? -- Daar was van die ouers wat saam met die kinders skool toe gekom het, omdat hulle nie die kinders geglo het dat die skole gesluit was nie, om te kom verneem dat dit regtig so is dat die skole gesluit is.

Maar wat ek bedoel is, daar is geen georganiseerde groep van ouers wat betrokke was in 1984 by julle probleme by die skool nie? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

As enigiemand in hierdie hof kom sê het dat daar 'n ouerkomitee of 'n <u>ad hoc</u> ouerkomitee was wat geëis het dat die skole heropen moet word na 23 Julie 1984 by julle skool dan is dit nie die waarheid nie? -- Nee, ek weet nie van die komitee nie.

Het julle skoliere nie daaraan gedink om die ouers te betrek by julle probleme dat julle nou so mishandel word om jou woord te gebruik nie? -- Nee.

Verstaan ek jou reg dat al die griewe wat julle by daardie skool gehad het was die prefekte wou julle vervang het met 'n SRC? -- Ja.

Julle was ontevrede oor die straf? -- Ja.

Julle was ontevrede oor die ouderdomsbeperking wat geplaas was? -- ja.

Julle was ontevrede oor die blanke-onderwysers wat julle varke, honde en kaffers genoem het? -- Ja.

En julle was ontevrede dat sommige onderwysers soms as hulle vashaak in Engels dan gee hulle 'n verduideliking in Afrikaans?-- Ja.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was dit julle griewe gewees? -- Ja.

Het jy wetenskap op skool gehad in 1984? -- Ek het biologie gedoen.

Was u ooit self teenwoordig dat onderwysers na julle leerlinge verwys as varke, honde en kaffers? -- Die een van die hond was al persoonlik teenoor my gebruik. Die ander het ek by die ander skoliere van gehoor.

Maar was dit algemeen bekend by julle skool dat die onderwysers dit met julle doen? -- Ja.

En al die skoliere was ontevrede dat daar na hulle verwys word as honde, varke en kaffers? -- Die ander skoliere was nie tevrede gewees nie, in die sin dat sekere skoliere op daardie name genoem word. Nie dat dit direk aan hulle so gesê was nie.

Jy weet, hoekom ek vir jou hierdie goed vra, ek wil dit net aan u stel u getuienis hieroor is vals. Toe hier gestel was aan die staatsgetuies oor wat die griewe sou gewees het by die Teto Skool, was daar nooit gestel dat daar na julle verwys is as honde, varke en kaffers nie, maar daar is gesê dat van die onderwysers het na die skoliere verwys as varke? -- Omdat ek een van die persone was waarna verwys was as 'n hond, is hoekom ek vandag hier in staat is om dit te noem.

Hier is gestel in die hof dat julle ander griewe ook by die skool sou gehad het. Daar is onder andere gesê julle grief was daar was nie 'n wetenskap onderwyser nie? -- Nee, dit sal ek nie weet nie, want ek het nie daardie vak gehad nie.

Jy het nog nooit op enige van die klomp vergaderings wat julle gehou het gehoor dat dit 'n grief is nie? -- Nee.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En jy het ook nog nooit gehoor dat daar 'n grief by julle skool was dat die onderwysers is nie behoorlik gekwalifiseer nie? -- Nee, dit het ek nie gehoor nie.

Ook nie gehoor dat daar by julle skool gesê was daar is te min onderwysers nie? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Ook nie 'n klagte gewees dat die onderwysgehalte is swak nie? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Ook nie gehoor dat die druipsyfer is hopeloos te hoog by julle skool en dat dit ook 'n klagte is nie? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Ook nie gehoor dat by julle skool word gesê dat die fasiliteite by julle skool is swak nie, sleg? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

HOF : Wat is die verwysingsplek?

MNR. FICK : Deel van die verwysing, die kwessie van die wetenskaponderwysers is volume 118 bladsy 5 924. Die res van die verwysings sal ek na die getuie toe kom met 'n dokument waarna ek netnou sal verwys by 'n ander datum. Dan sal ek dit aan die hof toon.

HOF : Ja, gaan maar voort.

MNR. FICK : Ek wil aan u stel hierdie kwessie oor die klagtes en die griewe wat julle gehad het is nie werklike griewe wat julle gehad het nie, dit is 'n klomp vals feite en bewerings wat julle saamgestel het wat julle gebruik om julle boikotte en julle gedrag by die skool te probeer regverdig? -- Die griewe waarvan ek geweet het is dit waaroor ek hier getuig het in die hof. Dit wat nou net aan my gestel was wat ek ontken het, weet ek nie van nie.

Ek wil dan met u gaan na 18 Julie 1984. Wanneer het u gehoor dat daardie middag gaan 'n vergadering gehou word?

As/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- As ek reg is was daar net nog drie of twee periodes gewees voor die skool uitgegaan het wat ek daarvan gehoor het.

Wat sê u wat.was die doel van hierdie vergadering wat gehou sou word op 18 Julie? -- Volgens wat ek gehoor het het die persoon aan my gesê dit lyk asof hierdie vergadering oor mnr. Rossouw, die onderwyser sal wees en die manier waarop hy kinders slaan by die skool.

En by hierdie vergadering was die persoon Shadrick Kwetle weer die voorsitter? -- Ja, hy was teenwoordig.

En die ander vier wat saam met hom verkies was op die - hier in Maart 1984, was ook teenwoordig? -- Hulle was ook teenwoordig.

Het hulle die vergadering, hierdie vyf, die vergadering beheer? -- Die enigste persoon van hulle wat gepraat het was Shadrick Kwetle. Die res van die lede saam met wie hy daar was, het niks gepraat nie.

Nou neem ek aan iemand op hierdie vergadering het darem seker vir Shadrick gevra "Kyk, Maartmaand 1984 moes ons by COSAS aansluit en COSAS sal ons help met ons probleme, kyk wat het COSAS nou gemaak?"-- Niemand het dit gevra nie.

Hoekom het u dit nie gevra nie? -- Omrede ek nie sovel ag geslaan het op hierdie organisasie nie. Ek het eintlik al vergeet van die organisasie.

Ag, nee, asseblief. U het aangesluit as 'n lid van die organisasie en hier het julle nou weer probleme met hierdie mnr. Rossouw wat julle vantevore gehad het? -- Dit is reg dat ek 'n lid was wat aangesluit het by hierdie organisasie, maar om te vergeet vir 'n mens is 'n klein ding. Die rede is dat ek veel te doene gehad het met my skoolboeke. Dus het ek daarvan vergeet.

Maar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Maar toe u hulle vyf nou weer sien op die vergadering, het julle darem seker onthou maar kyk, hulle is afgevaardig om te gaan praat oor die klagtes? -- Toe ek gepraat het van die mense se teenwoordigheid daar, het ek nie bedoel dat hulle miskien daar voor op die verhoog gaan staan het of daar voor gaan staan het soos mense wat 'n leidende rol speel in hierdie vergadering nie. Ek het gepraat van hulle as mense wat teenwoordig was in die vergadering. Behalwe Shadrick Kwetle wat toe 'n toespraak gelewer het op die vergadering. Hy is die enigste een wat 'n toespraak gemaak het.

Kom ons probeer die ding kort maak. Het Kwetle van sy kant af verduidelik wat het hulle nou al gedoen? -- Nee, al wat hy gesê het in sy toespraak was die volgende, dat ons hier kom vergader het aangaande die kinders wat nou net by die skool geslaan is.

Ek wil aan u stel u getuienis oor wat sou gebeur het op die vergadering in Maart 1984, naamlik dat hierdie mense sou gekies gewees het om die probleme te gaan bespreek met die skoolhoof is vals. Julle het nooit so iets gedoen nie. Dit is daarom dat daar nooit 'n rapport was nie. Dit is daarom dat niemand later gevra het wat geword het daarvan nie? -- U weet, ek is die man wat by hierdie vergadering van Maart 1984 teenwoordig was en ek het hier vir die hof 'n verhaal vertel van wat daar plaasgevind het wat die waarheid is. Ek kan nou nie verstaan as hierdie hof vir my 'n stelling gaan maak en sê dat alles wat ek hier vertel daaroor nie die waarheid is nie.

Op die vergadering van 18 Julie 1984 toe het Shadrick gesê die skoliere moet nou verduidelik wat gebeur het? --

Ja/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ja, dit is so.

Daar is toe onder andere gepraat oor dat Rossouw vantevore ook 'n skolier sou aangerand het? -- Ja.

En julle het toe 'n brief geskryf en julle het hierdie voorval waar Rossouw vantevore ook 'n skolier aangerand het ook in die brief vermeld? -- Ja.

Was dit 'n seun of 'n meisie wat aangerand was vantevore deur Rossouw? -- Dit was 'n meisie.

Hoe sou hy haar aangerand het? -- Volgens die inligting daar, het mnr. Rossouw die meisie geskop.

Waar het hy haar geskop was die inligting? -- Die persoon wat dit genoem het, het nie veel daaromtrent te sê gehad nie, behalwe dat dit net genoem is deur daardie persoon en toe was daar verder voortgegaan met die klagtes wat eintlik daardie dag behandel moes word.

Daar is nie beweer hy sou die meisie in die maag geskop het nie? -- Ek sal nie kan sê dat Rossouw die meisie in die maag geskop het nie. Wat ek wel kan sê is dat daar iets gedoen moet word op die saak van hierdie meisie. Sy moes glo 'n sommetjie uitwerk. Sy het dus fouteer in die uitwerking van die som, as gevolg waarvan Rossouw haar geskop het. Met ander woorde Rossouw was agter haar gewees toe die skop plaasgevind het.

Jy het nooit vantevore gehoor dat daar beweer word by julle skool dat Rossouw 'n meisie geskop het in die maag nie? -- Nee, ek het vir die eerste keer daarvan gehoor by hierdie vergadering dat 'n meisie geskop was. Voor dit het ek nie eers daarvan geweet nie.

Ek wil dit aan jou stel hierdie getuienis oor die skoppery deur Rossouw is vals? -- Dit is u stelling. Wat

my/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

my betref wat ek weet is dat dit wel plaasgevind het.

Die brief wat daar opgestel is by die vergadering het julle in gevra dat die skoolhoof moet praat met Rossouw, dat hy moet ophou om die skoliere te slaan? -- Ja.

En die ander versoek was dat die hoof moet praat met die onderwysers dat hulle moet ophou om te verduidelik in Afrikaans waar hulle nie in Engels kan verduidelik nie? -- Nee.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

IZAK HLOPHEHO MOLOI, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U sê daar was toe vrywilligers aangestel om hierdie brief vir die prinsipaal te gaan gee en ons weet Shadrick was een? -- Ja

Hierdie ander vier manne wat saam met hom verkies was in Maart, was hulle ook van die vrywilligers? -- Ja.

Al vier?-- Ja, al vier.

Toe is daar nog ses ander behalwe hierdie vyf aangestel? -- Ja.

Waarom is dit nodig om elf mense te stuur? -- Dit was as gevolg van ons gewilligheid dat ons toe daardie getal opgemaak het van elf.

Maar julle gaan tog net die brief afgee. Julle gaan niks verder doen nie. Hoekom moet julle nou elf wees? -- Die doel daarvan was dat moontlik sal die prinsipaal onmiddellik 'n antwoord hierop kan gee terwyl ons daar was. Elkeen van ons sal dan 'n verslag gaan doen by sy klasmaats in die verskillende klaskamers. Dit is die rede hoekom ons almal daar was.

U was tog nie betrokke by enige van die aspekte wat in die brief vermeld was nie en u is net in St. 8. U is nie eers 'n senior leerling van die skool nie. Hoekom het u

gegaan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gegaan? -- Omdat daar nie gekies was wie almal moet gaan nie. Dit is net diegene wat hulle self bereid verklaar het om te gaan wat gegaan het. Namens die St. 8 het ek besluit dat ek ook maar moet gaan sodat ek 'n verslag aan my klasmaats kan doen as ons terugkom.

Was Billy Makgobo ook een van die elf? -- Nee.

Ek stel aan u, u getuienis wat probeer voorgee dat u nie betrokke is by COSAS nie en dat u nie so 'n rol gespeel het in die skool nie, is vals. U het 'n baie aktiewe rol gespeel in die gebeure by die skool?-- Die hof het my hier gevra om die waarheid te praat dat ek die eed moet neem wat ek wel gedoen het en ek het die hof hier die waarheid vertel. Dit wil vir my voorkom asof dit die hof is wat besig is om vir my te dwing om leuens te vertel.

HOF : Ek dink u moet net een ding nou mooi verstaan. Dit is die tweede keer wat u so sê. Die hof is wat hier voor sit. Ons dwing u nie om enigiets te doen of te maak nie. Daardie persoon met wie u besig is om of van wie u besig is om te verskil is die staatsaanklaer. U kan maar na hom verwys as die aanklaer. -- Ja, ek verstaan.

MNR. FICK : Ook ek wil u nie dwing om goed te sê wat nie die waarheid is nie, maar ek stel aan u u was aktief soos blyk uit die feit dat u vrywillig aangebied het om na die skoolhoof toe te gaan en te gaan praat oor goed waarby u nie direk betrokke was nie? -- Dit is reg dat ek ingewillig het om saam met die mense te gaan om die brief te gaan aflewer. Dit het ek gedoen omdat ek gesien het dat daar geen ander St. 8 skolier betrokke was by hierdie mense wat die aflewering gaan doen nie.

En verstaan ek u reg, daar is besluit op die vergadering

dat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dat elke vrywillige sal gaan terugrapporteer by sy klas en geen ander plek nie? -- Ja.

Julle kom toe by Hanekom en hy skud sy kop en hy skeur julle brief op en hy gooi dit in die vuilgoedmandjie en is dit al wat hy vir Kwetle gesê het dat julle moet teruggaan na julle klasse? -- Ja.

En julle het toe teruggegaan na julle klasse toe? -- Ja.

Kwetle het daar geen eise gestel aan mnr. Hanekom nie? -- Nee.

En die middag toe hou julle weer vergadering op 19 Julie 1984? -- Ja.

Die vergadering het julle van kennis gegee die laaste twee periodes en rondgeloop en vir die kinders gesê van die vergadering? -- Ja.

Hoekom het julle die vergadering gehou? Jy het dan laas vir die hof gesê dat julle sou terugrapporteer aan julle klas en geen ander plek nie, waarom dan hierdie terugrapporteringsvergadering? -- Ons het nie meer verslag gedoen in die klaskamer aan die klasmaats nie. Ons het dit nodig geag om weer bymekaar te kom in 'n vergadering waar ons dan weer 'n brief moes opstel en hierdie probleme per brief aan mnr. Jordaan oorhandig met sy terugkoms vanaf verlof.

Het julle besluit om die brief te skryf voor julle die vergadering gehou het. Is dit wat jy sê? -- Toe ons na die vergadering toe gaan, het ons alreeds besluit oor die skryf van hierdie brief wat aan mnr. Jordaan oorhandig moet word.

Is dit nou julle elf? -- Die elf van ons het daarop besluit voor ons teruggekeer het na die ander skoliere toe.

Julle elf het nie teruggegaan klaskamers toe soos jy gesê het nie. Julle het eers gaan vergader om te besluit

wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wat om verder te doen? -- Ons het nie 'n vergadering gehou nie. Om na die klaskamers toe te gaan vanaf die prinsipaal se kantoor is 'n lang distansie. In die loop vanaf die kantoor na die klaskamers toe terwyl ons daar stap, het ons hierdie ding bespreek en daarop besluit.

Net volledigheidshalwe, het jy aan jou klas gaan rapporteer voor hierdie vergadering die middag wat gebeur het? -- Ja, die verslag wat ek gedoen het aan my klasmaats is dat ons was by die prinsipaal gewees wat daardie brief van ons opgeskeur het en as gevolg daarvan blyk dit dat ons 'n vergadering vanmiddag moet gaan hou.

Hierdie middag se vergadering van 19 Julie 1984, was Shadrick weer die voorsitter? -- Ja.

Was julle elf almal daar gewees? -- Ja.

En die brief wat julle geskryf het, wat skryf julle toe in hierdie tweede brief? -- Wat ons in daardie brief geskryf het is die inhoud van die vorige brief wat opgeskeur was deur mnr. Hanekom. Ons het besluit dat ons dit alles net so skryf en dan die brief terughou tot tyd en wyl mnr. Jordaan terugkom. Met die oorhandiging van die brief aan mnr. Jordaan sou ons dit aan hom genoem het dat ons al so 'n brief geskryf het en vir mnr. Hanekom gegee het en vir hom gesê het wat van daardie brief geword het.

Julle het nie in hierdie tweede brief enige griewe uiteengesit of eise gestel nie, behalwe wat nou in die tweede brief gestaan het? -- Nee.

Wie het hierdie brief gehou? Wie sou die brief hou tot mnr. Jordaan terugkeer en wie sou dit vir mnr. Jordaan gee? -- Shadrick, die leier, dit wil sê die hoof van die prefekte van daardie skool, het homself bereid verklaar om

dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit te doen en toe verder gesê dat hy ons ook nodig gaan kry, dit is die tien, om hom te vergesel tydens die oorhandiging van die brief.

Net volledigheidshalwe, wanneer het julle vir mnr. Jordaan terug verwag? -- Wat gesê was is dat hy sou terugkom na die skool toe voor die skoolvakansies gedurende Septembermaand.

Ek wil nou met u gaan na die gebeure op 20 Julie 1984. U sê u het langs die venster gesit en u sien toe daar staan
K1327 mnr. Rossouw en hy is omring deur 'n groep skoliere? -- Na aanleiding van die besluit wat die vorige dag geneem was, naamlik dat daar geen skolier met die onderwyser moet baklei nie en toe ek hierdie geraas gehoor het, het ek toe die indruk gekry dat dit moontlik 'n fisiese bakleiery kan veroorsaak. Om daardie rede is ek toe uit.

Hierdie leerling met wie mnr. Rossouw die probleem gehad het, watter standerd was hy? -- Dit was een van die St. 7 kinders.

Het julle in julle betrokke klas ook 'n klasprefek? -- Nee.

Die periode waar jy was, was daar 'n onderwyser in die klas? -- Watter een? Toe ek die klas verlaat het?

Ja, toe u die klas verlaat het en gesien het mnr. Rossouw is buite? -- Nee, daar was nie 'n onderwyser gewees nie. Dit was 'n vry periode. So, jy kry nie 'n onderwyser in die klas nie.

En u het toe gedink om te gaan keer dat daar nie moeilikheid kom nie? -- Ek is soontoe met die oog daarop dat daar nie 'n bakleiery moet plaasvind nie, soos besluit die vorige dag.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En u sien daar staan 'n skolier voor mnr. Rossouw, hy het bloed aan sy mond? -- Ja.

U het toe seker vasgestel hoekom sy mond bloei? -- Ja, met my aankoms daar het ek gevind dat daardie skolier besig was om te sê dat hy die skolier geslaan het en die skolier beskuldig het dat die skolier rook en dat hy, Rossouw, nie eers geweet het of die skolier rook nie.

Is daar gesê hoe mnr. Rossouw die skolier geslaan het? Het hy hom met die vuis op die mond geslaan of wat het gebeur? -- Volgens die verduideliking van hierdie skolier het mnr. Rossouw die skolier met 'n vuis geslaan.

Op daardie stadium het mnr. Hanekom en ander onderwysers ook uitgekom en hulle het ook daar gestaan? -- Ja.

En Shadrick Kwetle gee toe vir mnr. Hanekom die brief? -- Ja.

Jy was seker verskriklik verbaas? -- Ja.

Het jy vir Shadrick gevra "Maar is jy laf. Hoekom gee jy die brief vir mnr. Hanekom?" -- Ek was nie. Ek het tot 'n mate gehoor dat Shadrick besig was om die vorige dag se brief met mnr. Hanekom te bespreek. Dit het vir my dus duidelik geword dat hy besig was om aan hom te verduidelik wat die rede is hoekom daar 'n tweede brief was. So, dit het my nie verbaas nie.

Nee, die laaste vergadering wat julle gehou het, het julle spesifiek gehou omdat mnr. Hanekom die vorige brief opgeskeur het en julle het spesifiek besluit hierdie brief gaan nie weer na mnr. Hanekom toe nie, Shadrick hou hom tot mnr. Jordaan terugkom as bewys, soos u in u hoofgetuienis gesê het "as evidence"? -- Ek stem saam dit was my getuienis gewees, maar ek weet nie hoekom Shadrick besluit het om die

brief/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

brief aan Hanekom te gee nie en ek kan nie sê wat se verduidelikings Shadrick aan mnr. Hanekom gemaak het nie.

Laat ek sommer vir jou reguit sê, jou getuienis dat mnr. Hanekom ŉ brief, vantevore ŉ brief opgeskeur het, lieg jy oor. Dit is hoekom Shadrick hierdie brief gaan gee het. Daar was nooit ŉ vorige brief opgeskeur nie? -- Dit wat ek gesê het oor die gebeure van die vorige dag, dit is die opskeur van die brief, is die waarheid. Dieselfde geld met hierdie tweede brief wat Shadrick weer aan mnr. Hanekom gegee het. Dit is ook die waarheid.

Wat het mnr. Hanekom met hierdie tweede brief gemaak? -- Hy het die brief in sy hand gehad en hy was besig om vir ons te sê dat ons moet teruggaan klaskamers toe.

Het hy die briefie opgeskeur? -- Ek weet nie wat hy met hierdie brief gedoen het nie. Wat ek wel kan onthou is dat op pad na sy kantoor toe het hy die brief nog in sy hand gehad.

En het u tot vandag toe al vir Shadrick gevra "Wat gaan aan met jou? Hoekom gaan gee jy die brief strydig met ons opdrag weer vir mnr. Hanekom?" -- Ek het hom nog nie gevra nie.

Ek stel aan u u het dit ook nie gedoen nie omdat u vorige getuienis dat die vorige brief opgeskeur is, vals is? -- Volgens my getuienis wat ek hier gegee het aangaande die opgeskeurde brief, is die waarheid, maar dit wil vir my weer verder voorkom dat die aanklaer besig is om vir my te dwing om te lieg.

Verstaan ek u reg, al wat mnr. Hanekom op hierdie tweede geleentheid met hierdie tweede brief gemaak het, u het gesien hy loop met hom na sy kantoor toe, al wat hy vir julle

gesê/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gesê het was "Gaan na julle klaskamers toe"? -- Ja.

Het hy nie gesê hy gaan die ding nou bestudeer en hy sal terugkom na julle toe met die brief nie? -- Nee, hy het niks gesê nie.

Hy het ook nie gesê dat hy gaan hom nie steur aan die brief nie, hy gaan hom wegsmyt? -- Nee, hy het nie gesê nie.

En dan sê u vir die hof verder op hierdie dag het julle nie by die skool gebly nie, maar julle is weg huis toe? -- Ja, dit is so.

U sê ŉ sekere skolier het gesê dit is beter dat julle huis toe gaan? -- Ja.

Wie is die skolier? Is dit ook ŉ Xhosa van wie u die van nie kan onthou nie? -- Ek sal nie sê die persoon is Xhosa nie. Die persoon het Sotho gepraat, maar die persoon het daar tussen die klomp skoliere geskreeu. Ek kon nie sien wie hy is nie.

En is dit reg, die skolier wat dit geskreeu het, het geen regverdiging gehad daarvoor om te skreeu dat die prinsipaal wil nie die probleme aanspreek nie? -- Die vraag is nie vir my duidelik nie.

Daar was niks in mnr. Hanekom se gedrag toe hy die brief gekry het die woorde wat hy vir julle gesê het wat aangedui het dat hy nie julle probleme nou gaan aanspreek nie? -- Daar was ŉ gesprek gewees tussen mnr. Hanekom en Shadrick. Ek kon ongelukkig nie hoor wat hulle gesê het nie. Dus kan ek nie sê wat mnr. Hanekom gesê het in antwoord op dit wat Shadrick gesê het nie. Die volgende ding wat ek gehoor het was dat ons nou huis toe moet gaan en Maandag terugkom. Dit word ook so geskreeu.

Het al die skoliere toe huis toe gegaan die dag? --

Ja/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ja, almal het huis toe gegaan.

Watter tyd van die dag was dit gewees? -- Om en by 12h30 of voor 13h00.

Toe hierdie skolier nou skreeu kyk, dit is nou beter dat almal huis toe gaan tot Maandag en dan Maandag weer terugkom skool toe, wat was die reaksie van die ander skoliere? -- Hulle het saam met die skolier gestem.

Het hulle almal geskreeu "Ja"? -- Ek kon nie almal se monde sien of hulle dit almal geskreeu het nie, maar daar was ŉ geluid van "Ja" gewees wat deur ŉ klomp mense gesê was.

Die klomp het vuis in die lug gesteek en "Amandla" geskreeu? -- Nee.

In elk geval, toe die klomp dit nou geskreeu het, toe loop die skool leeg. Julle loop net? -- Ek sien die mense haas na die klaskamers toe en hulle sê hulle gaan hulle boeke kry en loop.

Het almal toe in die klaskamers ingegaan en hulle tasse gegryp en geloop? -- Ek kan nie sê wat die ander klasse betref nie, maar die klas waar ek ŉ skolier was, het ons almal die boeke geneem en weggegaan.

Het jy gesien dat enige van die skoliere van die prefekte of iemand daar na die skoolhoof toe gaan en vir hom sê wat julle doen of het julle sommer net geloop? -- Al kan ek nie sê of ons almal weggeloop het nie, maar die meeste van die skoliere het ek gesien dat hulle weggaan. Ek kan nie met sekerheid sê of daar iemand agtergebly het nie.

Is daar gesê hoekom julle op die Maandag gaan terugkom skool toe? -- Ja, want net voor ons weg is daar, was die volgende gesê, naamlik dat miskien as ons die Maandag terugkom sal ons vind dat die prinsipaal ons probleme aan aandag

gegee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gegee het.

Die Maandag toe kom julle nou terug? -- Ja.

En die hele skool se skoliere is bymekaar? -- Ja.

En daar skreeu toe iemand van die skoliere uit die gehoor uit. Is dit reg?--Ja.

Weet u wie? -- Nee, die persoon het van tussen die klomp geskreeu. Ek het net die stem gehoor by die parade waar ons gestaan het. Dus het ek net die stem gehoor.

En al wat hy geskreeu het is, hy het basies geskreeu vir die skoolhoof, dit was gerig aan die skoolhoof "Is ons probleme nou opgelos?" -- Ja.

En wat het die ander skoliere gedoen? -- Hulle het net na die skoolhoof gekyk. Ek kan nie sê dat hulle almal na hom gekyk het nie.

Het hulle nie beaam wat hierdie man geskreeu het en gevra of dit so is nie?-- Nee.

Is dit nie so dat wat julle basies loop doen het van 20 Julie af nie, is julle het die skool gaan boikot? -- Dit is nie so nie.

Julle het dan weggeloop sonder om vir die skoolhoof te vra of julle kan loop en julle het geloop? -- Nee, ek kan nie so sê nie, want daar was 'n verduideliking gewees dat ons eers die Maandag sal terugkom skool toe na ons probleme opgelos is.

HOF : Was dit 'n voorvereiste vir die terugkeer skool toe Maandag dat die probleme opgelos moet word? -- Ja.

MNR. FICK : Hoe lank nadat mnr. Rossouw die brief gekry het by Shadrick die 20ste het ander skolier geskreeu die studente moet nou loop? -- Ek het nie 'n polshorlosie gehad om vir u te kan sê presies hoe lank dit geneem het nie. Ek het ook

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie na een gekyk nie, maar as ek moet skat sal ek sê dit was ŉ kwessie van ŉ minuut.

Was mnr. Hanekom al in sy kantoor? -- Mnr. Hanekom was ongeveer tien treë weg van ons.

Op daardie stadium was dit gesê in die geskreeu toe julle die Vrydag besluit het julle gaan weg van die skool af, dat julle sal terugkom na julle probleme opgelos is? -- Ja.

Dan wil ek teruggaan na 23 Julie. Nadat hierdie skolier so geskreeu het en gevra het of julle probleme opgelos is, toe het mnr. Hanekom gepraat volgens u en gesê maar die skool is gesluit? -- Ja.

Toe het mnr. Hanekom gesê die skool is gesluit tot wanneer? -- Hy het gesê die skool is gesluit, julle moet maar terugkom eerskomende Maandag en volgens my, die datum op daardie Maandag sou die 30ste gewees het.

En het mnr. Hanekom gesê hoekom is die skool gesluit tot 30 Julie? -- Sy verduideliking was omdat ons die skool verlaat het voor die tyd die Vrydag, het die departement besluit om die skool te sluit.

HOF : Maar dit was nou op ŉ Maandag. Het julle nie ŉ byeenkoms gehad die oggend nie? -- Byeenkoms waar?

Bymekaar, die hele skool? -- Ons was by die parade by die skool gewees toe dit aan ons gesê was.

Nee, nee, toe wat gesê is? -- Toe die skolier nou vir mnr. Hanekom gevra het of ons probleme al opgelos is en waarop mnr. Hanekom gereageer het dat die skool gesluit is.

MNR. FICK : Daar was eers die gewone bymekaar kom, soos u gesê het "assembly", soos gewoonlik die oggend? -- Ja.

Was daar gelees en gebid en gepraat? -- Ja.

Was daar enige afkondigings gemaak tydens wat u noem

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die "assembly"? -- Deur wie? Deur die skoolhoof?

Deur die skoolhoof, die prinsipaal? -- Nee, nie sommer uit sy eie nie. Dit was na aanleiding van die vraag deur een skolier daar dat hy in antwoord gesê het dat die skool gesluit is.

Is dit nie meer korrek dat daar gesê is dat al die skoliere is geskors, hulle moet kom heraansoek doen vir registrasie nie? -- Nee.

Was daar nooit gesê dat daar moet eers net die St. 10's, dan die St. 9's, elke dag na mekaar moet 'n ander standerd kom om te kom registreer nie? -- Nee.

Is daar vir u gesê dat almal moet terugkom die volgende Maandag, 30 Julie 1984? -- Ja.

Is daar gesê dat julle word gestraf, die skoliere word gestraf? -- Nee.

Is u seker? -- Ja.

Hoekom ek vir u vra is, dit is gestel - dit is volume 118 bladsy 5 925. Ek sal die tweede laaste paragraaf lees "Wel, ek wil aan u stel dat dit as 'n strafmaatreël aangekondig is dat omdat die studente onrustig is en hulle eise stel, die skool sou vir elf dae toegesluit word vanaf 23 Julie as 'n strafmaatreël teen die skoliere." Dit was deur die verdediging gestel aan 'n staatsgetuie. -- Nee, ek het nie so iets gehoor nie.

Ek wil net een aspek met u behandel wat ek vergeet het om aan u te stel terwyl ons besig is met hierdie bladsy. Ek wil dit aan u stel dat u getuienis dat mnr. Rossouw sou 'n skolier geskop het, is vals? -- Wat ek weet is dat daardie getuienis die waarheid is.

Want daar is gestel weer deur die verdediging dat

mnr.Rossouw/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

mnr. Rossouw een van die leerlinge, dit is 'n hy, in die maag sou geskop het? -- Wat ek van weet is dat hy 'n meisie geskop het en nie 'n seun nie.

En ek wil verder aan u stel ook ten opsigte van dieselfde aspek dat u getuienis dat mnr. Rossouw 'n leerling met die vuis sou geslaan het is vals. Dit is nooit aan enige staatsgetuie gestel nie? -- Volgens my is dit die waarheid.

HOF : Kan ons net 'n bietjie duidelikheid kry. Weet u daarvan dat die skool vir elf dae gesluit sou wees? -- Nee, nie dat dit elf dae was nie. Al wat ek geweet het was dat die skool sluit op daardie dag, ons moet weer terugkom die volgende Maandag, wat die 30ste was. Ek het nie die dae getel, hoeveel dae dit was nie.

Ja, wel, dit is waarskynlik sewe dae, maar is daar nie gesê julle moet terugkom vir herregistrasie nie? -- Nee.

MNR. FICK : Is dit nie so dat u datum van 30 Julie verkeerd is nie, maar die matrikulante- net die matrikulante is gesê hulle moet terugkom op 1 Augustus by die skool vir registrasie nie? -- Nee, dit was nie gesê nie.

Hoekom ek u vra is, in volume 100 bladsy 4 919 was aan die getuie Vorster die tweede laaste paragraaf die volgende gestel "U dra seer sekerlik geen kennis of op 1 Augustus net die matriekklasse van die verskillende skole genooi was om terug te kom nie, maar al die klasse het teruggekom omdat hulle skool toe wou gaan." -- Nee, daar was nooit so iets gewees nie.

Net voor ons by die gebeure van 30 Julie 1984 kom. Wat se geboue is tussen julle skool en Thuta-Gauta Skool? -- Dit is hostels en verby die hostels kry 'n mens die huise van die nuwe lokasie. Na dit eers kom 'n mens by Thuta-Gauta

Skool/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Skool.

Op 30 Julie 1984 die Maandagoggend sê u was u by die skool? -- Ja.

Wat het mnr. Hanekom te sê gehad vir julle op hierdie oggend? -- Hy het gesê die skool is nog steeds gesluit, ons moet eers terugkom na die skool toe op 1 Augustus. Dit wil sê die Woensdag.

Het mnr. Hanekom verduidelik hoekom sê hy nou die skool is nog gesluit na hy vantevore gesê het julle moet dié dag terugkom? -- Nee, hy het nie verduidelik nie.

Het enigiemand vir mnr. Hanekom om 'n verduideliking gevra? -- Nee.

Toe het 'n sekere man met die naam van Teacher, 'n skolier, voorgestel julle moet nou plakkate maak? -- Ja.

Waar het julle die materiaal gekry om op te skryf? -- Ek en 'n vriend van my is na 'n plek toe, 'n gat waar daar vullis gegooi word op die perseel van die skool, met die oog daarop om stukkies papier te gaan soek om hierdie plakkate mee te maak nie. Met ons aankoms daar vind ons dat daar kartondose was waarin appels verpak word. Dus het ons van daardie kartondose gaan kry vir die maak van die plakkate.

En julle het die plakkate net daar op die skoolterrein gemaak? -- Ja.

Julle het darem seker nou voor die tyd 'n vergadering gehou om te besluit wat julle op die goed gaan skryf en waarheen julle gaan loop met die plakkate en hoeveel julle gaan maak en die tipe van ding? -- Ja.

Waar het julle die vergadering gehou? -- By die parade waar hierdie kwessie van die plakkate genoem was.

En was die onderwyser en skoolhoof tevrede dat julle

daar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daar staan en vergadering hou nadat hy gesê het julle moet loop? -- Onmiddellik na die skoolhoof vir ons gesê het dat ons teruggaan huis toe en eers die Woensdag moet terugkom het hy omgedraai en weggestap en onmiddellik gevolg deur die onderwysers. So, daar was geen onderwyser daar teenwoordig nie.

Julle was seker kwaad toe die skoolhoof hierdie aankondiging gemaak het? -- Ja.

En julle het geskreeu en lawaai? -- Die lawaai wat daar was was toe ŉ vraag gevra was hoekom en die skoolhoof het nie daarop ŉ antwoord gegee nie.

Ek dink ek het jou net nou gevra of julle die skoolhoof gevra het hoekom gebeur dit en toe sê jy nee? -- Ja, maar toe u dit gevra het, was dit ten opsigte van die datum van 23 Julie.

Nou wat se lawaai was daar gewees toe hierdie skolier nou vra hoekom? -- Van dié wat gesê het ons wil skool loop.

Ander soorte geskreeu? -- Nee.

Julle besluit toe julle gaan met hierdie plakkate in die woongebied in loop? -- Ja.

Hoekom? -- Dit was om dit bekend te maak aan die gemeenskap dat ons nie tevrede is met die sluiting van die skool nie en ook nie tevrede is met die manier waarop mnr. Rossouw ons slaan nie.

As dit nou u doel was om dit aan die gemeenskap bekend te maak, waarom loop u net honderd-en-twintig treë? -- Hierdie skolier wat dit voorgestel het, het gesê ons sal nie diep in die woonbuurt ingaan nie. Die rede wat verstrek word deur hierdie skolier is dat omdat dit miskien die skoliere van Thuta-Gauta se lesse sal belemmer in die sin dat hulle

aandag/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

aandag afgetrek kan word van wat in die klasse gegee word deur die onderwyser om na ons te kyk. Om dit te verhoed sal ons nie dieper in die lokasie ingaan nie. Ons sal iewers op ŉ punt uiteen moet gaan.

HOF : Kon julle nie maar in ŉ ander rigting gestap het as Thuta-Gauta nie? -- Die enigste pad wat ons gebruik vanaf ons skool is om by Thuta-Gauta verby te gaan.

Waar woon die mense? Die hostels het klaarblyklik nie kinders nie. Waar is die grootste gros mense woonagtig wat julle nou wou kennis gee van die onbillike optrede aan die kant van die skool? -- Die meeste mense, dit is die inwoners van die woonbuurt woon in die woonbuurt dieper in, maar die gedagte hier was, al het daardie minder mense van die inwoners dit gesien, sal dit bekend word.

MNR. FICK : Shadrick en sy vier kollegas, was hulle onder die mense wat toe geloop het met die plakkate? -- Hulle was sommer orals tussen die klomp betogers daar in. Teacher en nog ŉ ander een was die plakkaatdraers.

Het julle toe geloop en gesing en geskreeu daar by die skool toe julle weg is? -- Daar was nie ŉ gesingery gewees nie. Die mense in hierdie betoging was besig om die woorde mondelings te herhaal wat op die plakkate geskryf is.

HOF : Het hulle dit geskreeu? -- Ja.

MNR. FICK : En het hulle so al skreeuende geloop tot waar? -- Tot om ongeveer ŉ distansie van tien tot vyftien treë ver vanaf Thuta-Gauta.

U het vir die hof gesê julle was so vier-tot vyfhonderd. Die vier- tot vyfhonderd wat nou so geskreeu het en al skreeuende geloop het tot tien, vyftien treë van Thuta-Gauta af, het darem seker die aandag getrek van die

leerlinge/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

leerlinge? -- Dit sal ek nie weet nie, maar wat ek wel vir die hof kan sê is die volgende. Die rigting waarvandaan ons gekom het na Thuta-Gauta se rigting toe, as 'n mens so stap is die klaskamers sigbaar. Ek het nie een leerling gesien wat deur die venster geloer het as 'n teken dat hy iets gehoor het van buite nie.

Verstaan ek u getuienis reg dat die betoging of opmars op 30 Julie 1984 was die eerste keer in 1984 wat julle so 'n opmars gehou het? -- Ja.

Daar was nie vroeër in hierdie selfde maand, in Julie-maand ook 'n optog deur julle skoliere van Teto nie? -- Nee.

Waar die polisie opgetree het teen die skoliere nie? -- Nee.

Hoekom ek vir u vra is, dit is gestel dat dit gebeur het. Volume 118 bladsy 5 925. Dit begin by die heel laaste sin "U weet nie daarvan nie. Weet u dat op dié dag dit wil sê 23 Julie 1984 so tweehonderd-en-vyftig skoliere van die skool wegmarsjeer het in 'n optog." Weet u daarvan ? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Dan is daar verder op dieselfde bladsy, bladsy 5 926 gestel "Maar weet u of die polisie op die betrokke dag die optog van die studente uiteen gejaag het met traanrook deur die polisie"?-- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Is u nie besig om 'n klomp goed vir die hof weg te steek oor wat julle gedoen het daar by Teto skool in Juliemaand 1984 nie? -- Kan u die vraag herhaal?

Ek stel aan u u is besig om 'n klomp goed wat julle aangevang het waaraan u deelgeneem het by Teto skool weg te steek? -- Nee, dit is nie so nie.

Op die dag - laat ons klaar maak met 30 Julie 1984,

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is dit op hierdie dag wat julle gesê het dalk net die matrieks moet terugkom op 1 Augustus 1984 vir herregistrasie? -- Nee.

En by hierdie dag op 30 Julie 1984 was dit weer een skolier wat daar uit die gehoor geskreeu het "Is ons eise aan voldoen"?-- Nee.

Het julle nie op hierdie dag gesê "Maar kyk, as ons eise nie aan voldoen is nie, dan sal ons die skoolboikot net eenvoudig hervat" nie? -- Dit is wat eintlik in die gedagte van die ander skoliere was en die gevoel was dat as hulle probleme nie opgelos is nie, dan sal hulle nie na die klaskamers toe gaan nie.

Los nou die ander skoliere uit. Is dit nie wat julle almal besluit het julle daar gaan doen nie, as die skoolhoof nie aan julle eise voldoen nie, dan bly julle weg en julle boikot die skool totdat hy daaraan voldoen nie? --Nee, dit was nie iets waaroor ons ooreengekom het nie.

U daag toe nou 1 Augustus 1984 by die skool op en was daar ŉ parade? -- Nee.

Toe u by die skool aankom het u ŉ klomp skoliere daar gekry op die perseel? -- Ja.

Was al die standerds van die skool verteenwoordig daar? Daar was van die kleintjies tot die matrieks? -- Ja, almal.

Wat maak hulle? -- Met my aankoms daar was dit net voor die tyd van die parade. Met ander woorde, die skoliere het in klompies daar gestaan en gesels met mekaar.

Wat is die eerste ding wat toe gebeur het? Het jy hulle toe bymekaar geroep vir ŉ parade of wat? -- Nee, net voor die tyd van die parade het die polisievoertuie toe daar opgedaag.

Hoeveel voertuie het opgedaag? -- Dit kon vier gewees

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het. Ja, hulle was vier, want twee van hulle was op die perseel van die skool gewees. Die ander twee het naby die hostel gaan stop.

Wat gebeur toe die polisievoertuie daar op die perseel kom? -- Deur gebruik te maak van 'n luidspreker het hulle ons nader geroep dat ons naby hulle moet kom.

Waar was die skoolhoof en onderwysers op daardie stadium? -- Nee, ek het nie gesien waar hulle was nie.

Het die polisie nie eers met die prinsipaal gaan praat en na hom toe geloop of na 'n onderwyser geloop voor hulle julle bymekaar geroep het nie? -- Nee.

Hulle roep julle bymekaar en wat sê hulle vir julle? -- Wat hulle vir ons daar gesê het was dat die skoliere wat St. 10 doen moet agterbly op die skoolperseel en die res van ons, dit wil sê van St. 9 af na St. 6 toe moet die perseel verlaat.

Ek wil aan u stel u vertel nie die waarheid oor wat op 1 Augustus die oggend by die skool gebeur het nie. Eerstens julle het nie net daar gestaan en praat op die perseel nie, julle was besig om te sing, vryheidsliedere te sing? -- Nee, dit is nie so nie.

<u>HOF</u> : Het julle ooit vryheidsliedere gesing? -- Nee, daar was geen vryheidsliedere gesing nie.

Ooit in die tyd wat u op skool was? -- Nee.

Weet u wat is vryheidsliedere? -- Nee, ek weet nie wat dit is nie. Ek ken nie die liedere nie, maar ek hoor dat daarvan gepraat word.

<u>HOF VERDAAG TOT 14h00.</u>

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

DIE SAAK HERVAT NA MIDDAGETE

IZAK HLOPHEHO MOLOI, nog onder eed (deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR FICK: Op hierdie dag, 1 Augustus 1984, het jy vir Billy Makobo gesien by die skool? -- Omdat ek nie spesifiek opgelet het wie almal van die skoliere by die skool teenwoordig was nie, het ek nie opgelet of hy daar was of nie.

Nou u sê vir die hof dat die polisie roep julle toe eenkant toe en die polisie sê toe al die standerd sesse tot neges moet die skool verlaat? -- Ja.

Maar het een van julle skoliere darem sekere vir die polisie gevra nou waaroor, julle is gesê julle moet vandag by die skool wees? -- Wat die polisie gesê het daar is net die st.10s sal oorbly op die perseel van die skool met die oog op herregistrasie.

Maar julle het toe darem seker probeer uitvind wat gaan aan want julle is laas gesê julle moet almal daar wees, volgens u getuienis, op 1 Augustus? -- Niemand het dit gevra nie. Dit was na aanleiding van wat die polisie gesê het, dat die res van die skoliere sal op verskillende dae terugkom om geregistreer te word.

Nou stel ek aan u hoekom nie u of enige van die skoliere dit opgevolg het met die polisie nie, is omdat julle baie goed geweet het julle hoort nie op daardie skoolterrein op 1 Augustus nie. -- Nee, ek stem nie saam met die aanklaer op daardie stelling nie.

Nou u sê vir die hof julle ander skoliere wat nie in matriek was nie, het toe buitekant toe gegaan en bymekaar gekom buite die perseel? -- Ja.

Wie het julle daar bymekaar geroep? -- Niemand.

Maar / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Maar hoe het julle geweet julle moet bymekaar kom buite die skool? -- Dit was na aanleiding van die skoliere wat eers die perseel verlaat het, wat bymekaar gestaan het daar en met mekaar gepraat het, dat ons by hulle gaan aansluit het deur nuuskieirigheid om te hoor wat dit is wat hulle bespreek daar.

Hoe het julle julle ontevredenheid gewys? -- Met ons aankoms by hierdie klomp wat daarbuite reeds gestaan het, het ons toe ook deelgeneem aan die besprekings wat hulle daar besig was om uit te voer, naamlik hoekom dit so moet gebeur nadat ons almal gesê was om op hierdie dag by die skool aan te meld; dat ons nou gesê word om die skoolperseel te verlaat.

Ek stel dit aan u, julle het daar gestaan en skree met die gebalde vuis in die lug buitekant die skool. Dit is wat julle gedoen het. -- Nee, dit is nie so nie.

Ek stel dit aan u dat voordat julle nog uitgegaan het, toe die polisie gesê het julle moet loop, het julle al gestaan met die gebalde vuiste en geskree. -- Nee, dit is nie so nie.

Terwyl julle nou so daar staan en praat, was julle stil? Rustig? -- Ja.

En daar skiet die polisie op hierdie stil en rustige groep? -- Ja.

Nou watter polisie het op julle geskiet? Die mense wat by die hostel was of dié wat nou in die terrein in gekom het? -- Dié wat op die perseel van die skool was.

En julle hardloop toe weg in die rigting van Thuta Gauta skool? -- Ja.

Het die polisie (tussenbeide)

HOF: Kan ek net duidelikheid kry. Ek weet nog nie mooi hoe dit daar lyk nie. Is Teto skool heeltemal aan die kant van die woongebied geleë? -- Ja.

Is / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Is dit 'n nuwe skool wat buitekant die woongebied gebou is? -- Ja.

Ja, dankie.

MNR FICK: En hoeveel skote skiet die polisie toe met die traangas? -- Ek sou sê dit is twee skote wat hulle gevuur het want die traangashouers wat by ons te lande gekom het was net twee.

En julle hardloop toe in die rigting van die Thuta Gautaskool? -- Ja.

En het die polisie enige iets anders aan julle gedoen behalwe traanrook geskiet - sambokke geslaan of gejaag? -- Nee.

Nou ek vind dit baie vreemd. Die polisie val julle aan, julle het niks verkeerd gedoen nie. Julle staan rustig daarso en julle hardloop in die rigting van die ander polisieman wat by die hostel gestaan het? -- As ek praat van die polisie wat by die hostel was, praat ek nie van die polisie wat by ons pad was waar ons die hostel moes verby gaan nie. Ek praat van die polisie in die nabyheid van die hostel, maar nie waar ons verby moes gegaan het nie.

Maar het u nie gesê dat die hostels - tussen Thuta Gautaskool en u skool kry mens mos as mens van u skool af kom eerstens die hostels en dan kry jy 'n paar huise en dan kry jy die skool? -- Ja, ek het so gesê.

En u het verder gesê die polisie, behalwe dié wat by die skool ingekom het, het by die hostels gestaan met hulle ander twee voertuie? -- Ek het so gesê.

Maar dan het julle mos in hulle rigting gehardloop? -- Dit was in die rigting gewees van die hostel wat ons gehardloop het maar die polisie was aan die een kant van die hostel gewees, nie by hierdie kant waar ons moes verby nie.

Is die hostels nie aan die straat se kant geleë, langs

die / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die straat geleë nie?

HOF: Daar is baie strate.

MNR FICK: Die straat tussen Teto en Thuta Gautaskool? -- Die posisie is so, edele. Die hek van die skool front aan die teerpad wat dan die grens maak tussen die skool, 'n sekere gedeelte van die skool en die hostel. Die polisie wat ek van praat wat by die hostel was, is dié wat by die eerste hoek was van die hostel aan die naaste kant van die skool. Ons gaan toe by die hek uit wat front aan die teerpad. 'n Endjie ver van die hoek waar die polisie gestaan het. Ons loop nie in die rigting van die polisie nie, want ons het links gedraai om by Thuta Gauta uit te kom. Nogtans verby ons die hostel wat aan die teenoorgestelde kant geleë is met ons skool, terwyl die polisie aan ons regterkant was.

Wel, ek wil dit net aan u stel dat die polisie het hierdie dag glad nie by julle skool geskiet met traanrook nie. -- Na die skool?

By die skool het die polisie glad nie met traanrook geskiet nie. U vertel leuens. -- Omdat ek daar teenwoordig was, dit wat ek hier vertel is die waarheid. Die polisie het geskiet.

Reg, julle hardloop toe nou hier af na Thuta Gautaskool toe en het die polisie julle agtervolg of het hulle daar gebly by die perseel, en die ander het by die hostel gebly? -- Ek het nie notisie daarvan geneem om te sien of die polisie aangekom het of nie.

Maar net toe julle toevallig regoor die hek van die Thuta Gautaskool is, toe word daar weer geskiet? -- Ja.

Wat het julle gemaak dat die polisie toe na julle skiet? Julle hardloop mos nou weg? -- Ek weet nie.

Ek stel aan u dat om te sê die polisie het daar op julle

geskiet / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

geskiet het is net so vals. Julle het na hierdie skool toe gegaan met die doel om hierdie skool ook te gaan ontwrig. -- Dit is nie so nie.

Watter polisie skiet toe? -- Ek sal nie kan sê nie, want die skoot het van agter my afgegaan. Nou ja, ek kyk nou vorentoe, ek kan nie sê wie geskiet het nie.

Net een skoot of hoeveel skote is toe geskiet by julle? -- Ek sal nie kan sê hoeveel skote altesaam daar gevuur was nie, want na die skote begin het, het ek in Thuta Gauta se perseel ingevlug.

Was die hek van die skool nie gesluit nie? -- Die ingang van Thuta Gauta bestaan net uit pale wat daar geplant is. Daar is nog nie 'n werklike hek wat 'n mens kan toemaak nie.

Nou wat is toe na julle geskiet? -- Traangas en rubberkoeëls.

Nou net een aspek nog. Die polisie wat daar geskiet het met die traanrook by julle skool, Tetoskool, hoe was hulle gekleed? -- Die polisie wat ons daar geskiet het as ek reg onthou, my geheue is dat hulle blouerige klere aangehad het. Dit is die klere soortgelyk aan die soldate se kleredrag.

Wag nou net so 'n bietjie...

HOF: Praat u nou van die lugmag? -- Ek het hier in Pretoria soldate gesien wat in bruin kleredrag gekleed was. Die polisie wat ek van praat was in daardie tipe klere gekleed, maar dié se kleur was blou.

MNR FICK: Wag nou. Die polisie wat u gesien het, het hulle soos daardie polisiemanne wat daar sit, het hulle daardie klere aangehad of het hulle ander klere aangehad? -- Hulle het klere aangehad soortgelyk aan hierdie, maar dié se klere het bietjie verskil van hierdie polisiemanne in die hof, in dié sin dat die persone het 'n broek aangehad en 'n bosbaadjie wat dieselfde

kleur /..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

kleur is met daardie broek.

Maar watter kleur? -- Die kleur daarvan was soos die kleur van die broeke wat die polisiebeamptes in die hof aan het.

Ja, dit is grysblou. Nou die polisie, het hulle sambokke gehad? -- Nee, dit het ek nie gesien nie.

En as enigeen hier in die hof kom sê het dat die polisie sambokke gehad het, dat hulle gewapen was die dag by die skool? -- Ek het geen polisiebeampte gesien wat met ŉ sambok gewapen was nie. As daar ŉ persoon is wat dit sê, dit is hoe daardie persoon dit gesien het. Ek getuig ook hier volgens wat ek daar waargeneem het.

Want u sien aan die getuies is gestel, volume 118, bladsy 5 928, dat daar was optrede deur die uniformpolisie, sambokke is gebruik, traanrook is gebruik op die mense; dat die polisie gedink het dit is nie ŉ matriekklás nie, om hulle weg te jaag. Derde paragraaf van bo, edele. -- Volgens u stelling dit is wat by die skool gebeur het. Ek getuig oor wat gebeur het tussen Teto en Thuta Gauta. Dit kan wees dat die persoon wat dit gesê het is toe geslaan by die skool; dit is ŉ voorval wat op die skoolperseel plaasgevind het wat ek nie van bewus is nie.

Nou u hardloop toe daar by die skool, by Thuta Gauta in en wat word van die polisie? -- Wat van wie?

Wat word toe van die polisie? -- Toe ek die erf van Thuta Thauta binnegegaan het, het ek gevlug tot in een van die kamers daar van Thuta Gauta.

HOF: ŉ Klaskamer? -- Ja, ŉ klaskamer.

Was daar ŉ klas aan die gang? -- Ja, die klas was aan die gang.

Hulle het seker geskrik toe jy daar binnebars? -- Ja.

MNR FICK: En daar was ŉ onderwyser en hy wou weet wat gaan aan? /..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

aan? -- Ja.

En u het toe vir die onderwyser gesê? -- Ja.

En u en die onderwyser het toe gaan kyk waar is die polisie wat julle so met die traanrook en die rubberkoeëls skiet? -- Nee.

Het die onderwyser nie gaan kyk wat aangaan nie? -- Nee.

En soos u in die klaskamer gehardloop het, het u gesien die ander kinders hardloop ook in ander klasse in, in Thuta Gautaskool? -- Ek aanvaar dit so, ja, dat hulle ook in die ander klaskamer ingehardloop het, want ek was nie die enigste een wat in die perseel daar ingevlug het nie, ons was baie.

HOF: Maar waarom was dit nodig om die klas in te hardloop? Waarom kon hy nie net deur die perseel en anderkant uit gehardloop het nie? -- Ek het nie deurgehardloop nie. Die rede is omdat ek gedink het dalk gaan ek weer hier verby en op die ou end skiet die polisie my met die traanrook of met die rubberkoeëls raak.

Maar was daar polisie aan die anderkant? -- Nee, ek het nie opgelet nie.

MNR FICK: Nou u sê u sit toe daar in die klas en toe na 'n rukkie kom u uit? -- Ja.

Was die les nog aan die gang toe u uitgegaan het? -- Wat aan die gang?

Die les? -- Nee.

Was dit 'n pouse of wat was dit? -- Nee, die onderwyser het toe stilgebly as gevolg van die skok op die manier wat ek daar ingekom het.

Was dit 'n dame? -- Nee, dit was 'n manspersoon.

'n Blanke? -- Nee, swart.

Nou toe u uit die klas uitgegaan het, dit is wat ek

probeer / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

probeer vasstel, was die klas nog veronderstel om aan te gaan of was dit die einde van die periode toe u uitgegaan het? -- Ek sê dan vir die hof ek het nie skool geloop in Thuta Gauta nie, so dan sou ek nie geweet het hoe lank neem dit dat hulle 'n periode moet klaarmaak nie.

Toe u by die klas uitgaan het die hele klas leerlinge ook saam met u uitgegaan? -- 'n Paar van hulle is saam met my uit met die oog om te sien wat daarbuite gebeur het.

En die onderwyser bly in die klas? -- Hy is ook uit.

En wat maak u toe buite? -- Met my aankoms buite vind ek dat die kinders in klompies daar staan, en toe ek verder kyk sien ek dat die klompies bestaan uit kinders van Teto en Thuta Gauta.

Ek wil net een ding duidelik kry. Was u die enigste een van Tetoskool wat in hierdie besondere klas ingehardloop het? -- Ja.

Nou die groepies staan nou daar buite en het julle iets besluit of bespreek daar? -- Ja.

Net op daardie stadium was daar geen polisieman in sig nie? -- Ja.

Nou wil ek aan u stel, u het nie gaan wegkruip in hierdie klas nie, u het die klasse saam met die ander leerlinge gaan ontwrig. Dit is waarom die onderwyser nie die moeite gedoen het om te gaan soek vir polisie wat nie daar is nie. -- Nee, dit is nie so nie.

En ek stel aan u dat toe julle hierdie skool ontwrig het, het die polisie daar opgedaag terwyl dit aan die gang was en toe het julle die polisie met klippe gegooi. -- Nee, dit is nie so nie.

Nou u en die ander leerlinge staan daar en julle het

hierdie / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hierdie dag ook by 'n ander skool, Lebohang Hoërskool ook uitgekom, is dit reg? -- Ja.

Wie se voorstel was dit? -- Ek het hier vir die hof gesê dat met my uitkoms uit die klaskamer uit, vind ek dat die kinders in klompies daarbuite staan. Ek het by die klompies aangesluit. Daar het ek gehoor dat die kinders sê dat ons wil ook die SRC hê, met dié ons sal julle help om dit bekend te maak aan die gemeenskap wat dit is wat benodig word.

Het die skoliere hier by Thuta Gautaskool besluit om julle, saam met julle te gaan? -- Ja.

En wat het julle besluit, wat gaan julle nou doen as hulle saam met julle gaan? Vir watter doel? -- Wat daar toe besluit is, is dat ons voortgaan na Lebohang toe, dit wil sê ons met hierdie skoliere van Thuta Gauta. Met ons aankoms daar, omdat Lebohang se kinders ook maar die SRC wou gehad het, sal ons by hulle aansluit. Met dié sal dan daar by Lebohang plakkate voorberei word, welke plakkate geneem sal word deur ons in die woonbuurt.

Nou hoe het julle geweet Lebohang wil ook SRCs hê? -- Van Thuta Gauta se skoliere het dit bekend gemaak.

En julle sê nie vir hulle: maar kyk, ons is bietjie bang vir die polisie, hulle skiet traanrook en rubberkoeëls op mens. Ons moet dit liewers nie doen nie. -- Nee, dit was nie bekend gemaak nie.

Maar waarom het jy dit nie gesê nie, want jy het mos ondervinding en jy is die man wat bang is? -- Dit het nie in my gedagte gekom dat ek dit moet noem nie.

Luister, meneer, jy lieg blatant. Dit het nooit gebeur dat die polisie op jou geskiet het daardie dag nie, daarom het jy dit nie vir hulle vertel nie. -- Wat ek hier voor die hof

vertel / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vertel het is die waarheid.

Hoe kan jy ooit aan hierdie hof sê dit het nooit in jou gedagte opgekom nie? Jy hardloop dan na daardie skool toe, juis omdat jy bang is vir die polisie? -- Ja, dit het nie in my gedagte opgekom nie want met my aankoms daar vind ek dat hulle alreeds besig is om te praat.

Hier stap julle klomp mense toe nou af na Lebohangskool toe en julle kry geen polisieman in die omgewing nie? -- Ja.

ASSESSOR KRUGEL: Hoe ver is Lebohangskool daarvandaan? Van Thuta Gauta? -- Ek skat dit ongeveer 520 meter.

